

5 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 24
Fokusgedeelte: Esegïel 24:14

God se woorde word deur sy daade bevestig

God het die profeet Esegïel gestuur om sy woorde aan die volk oor te dra. Dit het hy voortdurend op verskillende maniere gedoen. Soms het hy direk gepraat, soms het hy simboliese handeling verrig, soms het hy as 'n voorbeeld opgetree en soms het hy van beeldspraak gebruik gemaak. Wat die volk egter moes besef, is dat dit nie maar by woorde sou bly nie. Die Here sou die profeet se woorde met kragtige daade bevestig. Die woorde van die profeet kon hulle nog verontagsaam soos wat hulle voortdurend gedoen het. Wanneer wat God gesê het egter gebeur, sal dit te laat wees om na die woorde te luister, te laat om reg te maak wat verkeerd is, te laat om hulle van hulle sonde te bekeer en weer genade te ontvang. Hulle het gedink dat die profeet maar sy eie gedagtes uitspreek, hulle het gedink God sien nie hulle verkeerde optrede raak nie. Wanneer die onheil hulle sou tref, sal hulle te laat besef dat hulle teen die almagtige God gesondig het. Dat God doen wat Hy sê, bring aan die een kant troos vir sy kinders wanneer hulle aan sy beloftes vashou en daarvolgens lewe. Die wat egter in sonde volhard moet beef as hulle die woord hoor dat God doen wat Hy sê. Hulle gaan sy oordeel beleef as hulle nie luister nie.

Sing: Psalm 14:1,5

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)